

14 MAART

SKRIFGEDEELTE: LUKAS 22:31-34;
HEIDELBERGSE KATEGISMUS, So. 52:127
FOKUSGEDEELTE: LUKAS 22:31, 32

Hou ons deur u krag tog staande

Sy eie swakheid het Petrus nie genoeg besef nie – daarom dat hy vol selfvertroue verklaar (vs. 33): “Here, ek is bereid om saam met U selfs gevangenskap en dood in te gaan.” Nie alleen het Petrus sy eie swakheid nie besef nie, maar hy het ook nie met die mag van die Satan rekening gehou nie. Petrus hét vir Jesus drie maal verloën en die haan hét gekraai.

In die sesde bede van die *Onse Vader*-gebed bely ons teenoor God ons eie swakheid en vra ons Hom om ons deur sy krag teen die Bose staande te hou. Die Bose (die duiwel, die wêreld en ons eie sondige natuur) hou immers nie op om ons aan te val nie.

In ons fokusgedeelte sê Jesus dat die Satan daarop aangedring het om die dissipels soos koring te sif. Hy wil hulle geloof ondergrawe, sodat hulle hul rug op die Here sal draai en saam met die kaf verbrand word. Terwyl dit die Satan se oogmerk is om die dissipels afvallig te maak, bid Jesus egter vir hulle. Op grond van die sekerheid van sy gebedsverhoring, kan Jesus vir Petrus sê (vs. 32): “As jy weer tot inkeer gekom het, moet jy jou broers versterk.” Petrus hét vir Jesus verloën, maar hy hét ook weer tot inkeer gekom, omdat die Here vir hom gebid het.

Vandag nog is dit die Bose se oogmerk om ons as gelowiges van God afvallig te maak. In onself is ons so swak en daarom moet ons ons toevlug tot God in die gebed neem. Sy Seun bid immers steeds vir ons. Alleen die krag van sy Gees kan ons staande hou.

Sing: Psalm 31:12, 17 (1936-beryming)

Ds Stefaans de Bruyn (Wilropark)